



Laat ons eet en feesvier!

In ***Laat ons eet en feesvier!***, word die verhaal van die verlore seun (Lukas 15) gebruik om stil te staan by verskillende fasette van ons lewe, ons verhoudinge en ons geloof. Dit is soos om die verskillende vlakke van 'n diamant na die lig te draai, sodat jy verras en verwonderd staan oor die skoonheid en kleurvolle rykdom van die verhaal - die verhaal van 'n wagtende Vader, 'n seun wat verlore was en terugkom en 'n ouer broer wat ook na die fees uitgenooi word. Dié Bybelse verhaal word die verhaal van ons elkeen se lewe. In die verhaal van die verlore seun hoor ons die hele evangelie weerklink.



Ds Deon Koegelenberg werk as leraar in plaasgemeenskappe in die De Doorns-distrik. Hy ken die mense vir wie hy skryf, hulle vrae en hulle worstelinge. Hy skryf met deernis en begrip, maklik verstaanbaar.

Die boek is geskryf vir mense wat op plase, maar ook op talle ander plekke in die wêreld van arbeid, gebedsgeleenthede en groeps gesprekke lei. Maar die boekie is ook bruikbaar vir selflees, of vir saamlees en gesprek in gesinne, of vir gebruik in gemeentes se toerustingsprogram.

Die doel van hierdie boekie is om elke dag, al is dit net 'n kwartier, sinvol met die Woord om te gaan.

- Kry 'n tema vir die week. Hierdie boekie help daarmee.
- Hou dit kort en eenvoudig. Weereens help die boekie daarmee.
- Een keer 'n week kan vrywilligers in 'n groepie bymekaar kom. Die groepsbyeenkoms behels onder andere praktiese oefeninge waarmee mense huius toe gestuur word. Moenie hierdie opdragte mis of oorslaan nie.
- Deel van die groepsbyeenkoms is 'n skets waarna mense kan kyk. Vertrou die Heilige Gees om ook deur hierdie skets met mense te praat.
- Gee die boekie vir mense wat belangstel. Miskien met die voorwaarde dat hulle kom saam kuier by die groepie. Moedig hulle aan om weer die waarhede van die week te lees.
- Die boekie bly net 'n riglyn. Laat toe dat die Heilige Gees jou gebruik. Daarvoor is goeie voorbereiding nodig.

Die boek is by CLF beskikbaar en kan bestel word deur 021 873 6964 te skakel, of 'n e-pos na info@clf.co.za te stuur.